

DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

AUGUSTUS 2018

*een Ewige:
Vader
Seun
Heilige Gees*

**WORD
RIDERS
2018**

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 20-00
GROEPE (POS): R R29-19
INDIVIDU (POS): R31-37
ELEKTRONIES: R10-46

Inhoud

Augustus 2018

Gereeld

- 3 Redakteursbrief
- 4 Lidmaatpraat
- 5 Sodat my huis kan vol word

In-diepte

- 6 God die Vader
- 8 God die Seun
- 10 God die Heilige Gees

Leefdinge

- 12 'n Tassie vir die week... En die Bybel vir altyd
- 14 Teks & Vers: Drie-enig
- 15 Teks & Vers: Dagboek
- 16 Boekeblad: Vroue van die Bybel 2
- 18 Bybelse berading: Dr. Trudie
- 20 Enigste Here, enkele Wese, een Ewige
- 22 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by die GK Lyttelton
- 24 Gemeente-Mosaïek: *Word Riders* 2018

- 26 Saamtrekstreke 2019
- 27 Inleiding tot Saamtrektema 2019
- 28 Reseptblad: All Branbeskuit
- 29 Lees in September 2018
- 29 Gemeentedagboek
- 29 Intekenvorm
- 30 Hartskatte
- 31 Die mens, geskape verhoudingswese: Die Skepping
- 32 Kaleidoskoop Augustus 2018

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR	Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR	Vakant
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG	Karien Brink
SEKRETARESSE	Marlette van Rooyen
WEBREDAKT EUR	Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE	Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:

Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken
Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za
Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:

- VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R 220 per jaar
- ELEKTRONIESE INTEKENING: R115 per jaar
 - VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R 321 per jaar
 - VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R 345 per jaar
- HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2018 TOT 30 JUNIE 2019.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)
Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA



Ander publikasies van die GKSA:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskool-kinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

WIL JY GESELS OOR IETS?



SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad

Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons Facebookblad en vertel vir ons wat dit vir jou beteken om die wonder van God drie-enig te ontdek en daarvoor na te dink.

JAARGANG 73 NOMMER 3



Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasing of uitbreiding van bydraes voor.



GOD, DIE HEILIGE GEES

DEUR COBIE STEYN

- *“In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef” – Gen. 1:1-2.*
- *“Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom” – Eseg. 36:27*
- *“Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle ’n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid” – Joh. 14:16-17b.*



Die Heilige Gees is God

Ons hoor sommer heel aan die begin van die Bybel in Genesis 1 dat die Heilige Gees God is en ewig is, net soos die Vader en die Seun, want daar staan dat die Gees van God oor die waters gesweef het nog voordat die aarde bewoonbaar was. En soos wat ons met die Vader en die Seun gesien het, lees 'n mens dwarsdeur die Bybel ook van die Heilige Gees en van die werking van die Heilige Gees. In die Geloofsbelydenis van Atanasius bely ons die persone van die Vader en die Seun en die Heilige Gees kan onderskei word (vgl. Artikel 5) maar “tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees *een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid*” (Artikel 6 van dieselfde Geloofsbelydenis).

Watter verborgenheid! Watter misterie is God drie-enig nie. Hierdie grote, almagtige, onbegryplike één Ewige, maak bemoeienis met ons nietige stofstippeltjies hier op die aarde.

Die Heilige Gees en die Woord

Ons bely dat die Woord van God geïnspireer is deur die Heilige Gees. Dit beteken dat vandat Genesis opgeteken is, totdat Openbaring klaar geskryf is, die Here deur sy Gees in die harte van sy kinders deur eeue gewerk het om sy Woord, waarin Hy openbaar wie Hy is en wat Hy van ons verwag, hoe Hy wil hê ons moet lewe, opgeteken staan.

En die wonder van die geïnspireerde Woord van God het nie hier opgehou nie, want wanneer die gelowige vandag God se Woord lees, werk die Gees in ons harte om die Woord vir ons oop te breek sodat ons die Woord kan verstaan. Dit is uiteindelik ook die Heilige Gees wat ons oortuig van God die Vader se sorg, sy liefde en sy redding wat Hy deur sy Seun Jesus Christus bewerkstellig het, en wat in ons harte werk om ons geloof te versterk.

Die Heilige Gees werk ook so in die harte van die ongelowige mens wat vir die eerste keer die Woord hoor en lees, om dan so tot geloof te kom.

Dit bly altyd vir my 'n wonderlike beeld wanneer teoloë na hierdie wisselwerking tussen Woord en Gees verwys as dat ons as't ware die Heilige Gees kan hoor “asemhaal” in God se Woord.

Die Heilige Gees gaan van die Vader en die Seun uit...

Wat presies beteken dit wanneer Die Geloofsbelydenis van Atanasius sê die Heilige Gees gaan van die Vader en die Seun

uit (Artikel 23)? Dit beteken die Vader en die Seun het die Heilige Gees gestuur. Reeds in die Ou Testament belowe God in Eseg. 36 dat Hy vir ons sy Gees sal gee om ons te rig en te lei om sy bepalings na te kom.

Dan kom die Vader in sy genade, omdat Hy weet ons is “sien-is-glo”-wesens en Hy stuur sy Seun, Jesus Christus aarde toe om vir ons 'n klein stukkie van God te kom “wys” (openbaar) hier op aarde en om ons te kom verlos deur vir ons sondes aan die kruis te kom betaal. Toe Jesus in Johannes 14 kort voor sy kruisiging vir sy dissipels sê Hy gaan terug na die Vader toe, raak hulle heel waarskynlik bang en ontsteld – anders sou Jesus nie vir hulle getroos het met die woorde dat hulle nie ontsteld moet wees nie (vgl. Joh. 14:1). Hulle voel moontlik dat hulle nou alleen agtergelaat gaan word.

Maar dan sê Jesus in Joh. 14:16-17 dat Hy die Vader sal vra om vir hulle 'n ander Voorspraak (1983-vertaling) te stuur – die Gees van die waarheid. In die 1953-vertaling word daar so mooi gepraat van die “ander Trooster”. Dit beteken God drie-enig laat sy kind nooit alleen nie, Hy maak ook nie van hulle weeskinders nie (vgl. Joh. 14: 18).

God se trou blyk daaruit dat Hy sy Woord gehou het – net soos met die belofte van die Verlosser, Jesus Christus, wat in vervulling gegaan het. Voordat Jesus opvaar hemel toe, belowe Hy dat die apostels “krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees” oor hulle kom (vgl. Hand. 1:8) en in hoofstuk 2 van Handeling lees ons dan ook van die uitstorting van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees leer, lei en vertrou ons

Deur die Heilige Gees is God drie-enig steeds in 2018 werksaam in ons harte. Deur sy Gees leer God die Vader ons elke dag uit sy Woord, deur sy Gees werk Hy gehoorsaamheid in ons harte en lei Hy ons deur ons lewe.

Ook wanneer ons hartseer beleef, en sug omdat ons nog swaarkry in hierdie onvolmaakte wêreld (vgl. Rom 8), kom God deur sy Gees en vertrou ons en herinner ons aan die hoop wat daar in Jesus Christus vir ons weggeleë en gewaarborg is.

Selfs wanneer die lewe ons so hard slaan, dat ons nie meer mooi weet wat en hoe om te bid nie, staan God ons deur sy Gees by en pleit die Gees vir ons by God – die Gees sien diep in jou hart en “verduidelik” of “vertaal” die onuitspreklike behoeftes en emosies voor die Vader (vgl. Rom. 8:26-28). ■

Enigste Here, enkele Wese, een Ewige

DEUR HESTER VENTER

Die woorde van Skrifberyming 12 -3 is vir my 'n gebed en 'n aanbiddingslied. Met hierdie woorde bevestig en bely ons dat ons onwrikbaar glo in die drie-enige God. Die woorde is eenvoudig, maar treffend:

*Enigste Here, enkele Wese,
ons glo in U met ons hele hart.*

*Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:
U is vir ewig God en Heer.*

Dis 'n begrip wat vir ons gewone mense regtig moeilik is om volkome te verstaan. Drie-enig... maar tóg Een? Soos wat ons uit liggaam, gees en (onsterflike) siel bestaan?

Wat ons sonder enige twyfel wel weet, al is dit ook soms moeilik om met ons geloofshart heeltemal te omvat, is dat God onmeetlike empatie met die mensdom gehad het. Soveel dat Hy sy enigste Seun geoffer het sodat ons verlos van die sonde nou alreeds deel aan die ewige lewe kan hê en eendag in volmaaktheid vir ewig by God sal wees. God se onmeetlike liefde wat Hy openbaar in Jesus Christus vervolmaak die begrip: Empatie.

Die woord empatie of erbarming beteken meeleving, meegevoel, simpatie, omgee en deernis. Dit breek egter 'n mens se hart as ons om ons kyk, en weinig of geen meegevoel of omgee sien nie.

Sosiale media is deel van ons lewe, en verseker dat gebeure blitsig gekommunikeer word. Dit is ongelukkig ook 'n platform waar mense 'n té vrye sê het. Almal weet van kinders wat fisiek op skool geboelie word. Daar is egter ook die sogenaamde kuberboelies. Hier word neerhalende opmerkings gemaak oor kinders wat nie deel van die “in”- of “cool”-groep is nie. So erg, dat daar al gevalle was van tieners wat selfdood gepleeg het, so jonk as 12 jaar. Waar is die omgee en respek vir mekaar?

Volwassenes kan ook net so gevoelloos wees en hulle opinie lug oor mense van wie hulle nie hou nie. Papier is geduldig, maar wat in die kuberruim ingestuur is, kan nie herroep word nie. Wie van ons het nie al 'n sms of WhatsApp-boodskap gestuur wat ons wens ons kon kanselleer nie? Dis nou hier waar besin voor jy tik inkom: empatiese besinning. Omgee en respek vir ander se gevoelens is ook ter sprake.

Genadiglik is daar tog mense wat nog meeleving en empatie het. Wat nog God se voorbeeld van liefde volg en 'n verskil probeer maak. Ons het 'n tyd gelede, (ja dit was oral op sosiale media,) die hartroerende tonele gesien van die vloot vragmotors verby Beaufort Wes op pad na die Kaapprovinsie. Die trokke was hoog gelaai met veevoer vir desperate boere. Wie van ons het nie self 'n knop in die keel gekry ten aanskoue van die forse boere met trane van dankbaarheid wat stroom oor daardie sonverweerde wange nie?

Op 'n ligter noot is daar natuurlik ook 'n ander tipe meeleving, en ek het dit letterlik beleef. Gedurende my swangerskap met ons dogter het ek baie las gehad

van sooibrand. My man het, uit meegevoel met sy hoogswanger eggenote, ook meteens sooibrand ontwikkel. Ons het beide 'n stewige bydrae gelewer tot die flukse verkoop van teenuurtablette. Ja, reg geraai, na haar geboorte het die sooibrand verdwyn. Syne genadiglik ook! Ek het altyd gedink dis sommer onsin as jou man ook simptome tydens jou swangerskap toon, maar hierdie gebeure het my opinie geswaai.

Empatie, meegevoel, deernis? Nie net vir mekaar nie, maar ook vir ons natuur en dierelewe wat volmaak deur ons drie-enige, ewige God geskape is. Ons, wat die kroon van sy skepping is, verwoes en vernietig hierdie sirkel van lewe uit gierigheid en selfsug. Wetenskaplikes reken as daar nie radikale ingryping plaasvind nie, sal daar teen 2030 meer plastiek as seelewe in ons oseane wees. Hartseer maar waar. Daar is al byvoorbeeld by garnale, van die kleinste diertjies in die see, heelwat plastiek in hulle ingewande gevind. Walvisse, visse en skilpaaie betaal ook die prys vir die mens se kortsigtigheid.

Die wêreld en lewe in die algemeen sal darem 'n baie beter plek wees as ons almal die voorbeeld van die Here se empatie met ons navolg. As ons ons gesindheid van selfhelp en selfbevrediging kan verander na 'n ommekeer van leef met meeleving en omgee en opofferende liefde. Ons kinders doen wat óns doen, sleg of goed. Karakter word gevorm in die eerste ses jaar van 'n kind se lewe. Die Japannese is vir my altyd 'n goeie voorbeeld hier: hulle kinders word grootgemaak om mense te respekteer, en erbarming met ander te hê. Hoeveel te meer moet ons as gelowige ouers wat eerstehands bedien is deur God se liefdesdaad nie ons kinders van wáre liefdesbediening leer nie?

Die pleidooi in die lied *Plea for Africa* (deur John Bokwe) is so relevant in ons pragtige land vandag: “Kom ons bid vir Afrika, Here wil U gee dat God se liefde heers oor ons wye land.”

Ons kan ook daarby vra, oor die hele aarde.

Waar daar liefde is, (God se ware opofferende liefde), is daar respek. Waar daar respek is, is daar erbarming, omgee, meeleving – soos God aan ons bewys het deur die offer van sy geliefde Seun, Jesus Christus.

Die verskil wat ons wil sien, begin by ons vir wie die een Ewige 2 018 jaar gelede al gewys het hoe lyk ware empatie. ▣